## MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 25 SEPTEMBER 2024;
## MOOT SELGROEP, DONDERDAG, 16 APRIL 2026

### OPENBARING 17-19:10

### Terugblik op Openbaring 14 tot 16

In Openbaring 14 tot 16 sien ons hoe Johannes se fokus na die hemel verskuif in wat as ‘n parentese (tussenvoegsel) beskou word. Hy sien Jesus Christus as die Lam, en die 144 000 verseëldes in die hemel. Daarna sien hy hoe ‘n engel deur die lug vlieg om die evangelie te verkondig, in ‘n laaste poging van God om ongelowiges te bereik. Die graan- en wynoes is nie om iets positief te oes, soos ons sou verwag nie, maar is die insameling van ongelowiges vir die oordeel. Daarna verskuif die fokus terug na die aarde. Johannes sien hoe die laaste sewe skale op die aarde uitgegooi word, waarmee God se wraak op die mensdom voltooi is. Wat Johannes volgende sien, is die vernietiging van die Antichris se twee stelsels om die mensdom te beheer, manipuleer, en mislei: godsdiens en die ekonomie.

Openbaring 17 en 18, asook die eerste gedeelte van hoofstuk 19, verduidelik Satan se twee agente vir misleiding: Babilon, eers as die demoniese wêreld **godsdiens** (godsdiens – om op my eie manier te probeer om God tevrede te stel) wat tot ‘n val kom (hoofstuk 17) en daarna as die wêreld **ekonomie** (materialisme – om op my eie manier te vertrou in dit wat ek besit) wat tot ‘n val kom (hoofstuk 18), in voorbereiding op die koms van Jesus Christus om beheer oor die wêreld te neem. Ons sien hier dat die beskrywing van die gebeure in Openbaring nie altyd chronologies is nie. Hoofstukke 17 en 18 dek groot gedeeltes van die boek: verlede, hede, en toekoms.

Openbaring 17 en 18 is weereens ‘n parentese. Dit verduidelik verdere inligting voordat Jesus Christus na die aarde terugkeer.

### Openbaring 17 – Godsdienstige Val

Die naam Babilon as ‘n stad word in die Bybel naas Jerusalem die tweede meeste keer gebruik. Daar is meer as 300 verwysings in die Bybel na Babilon. Openbaring bestaan uit 404 verse, en 42 daarvan handel oor Babilon. Ons lees in Génesis 11 hoe die toring gebou was. Dit het nooit oor God gegaan nie, maar oor die mens. Kyk maar hoeveel keer die woord “ons” gebruik is. Bestudeer dit gerus.

### Die Babilon in Mesopotamië? Waarskynlik nie

In Openbaring 17 en 18 verteenwoordig Babilon egter nie net ‘n stad nie, maar die stelsel. Dit is nie altyd duidelik wanneer Johannes na die stad of die stelsel verwys nie. Daar is egter meer rede om Babilon eerder as ‘n stelsel as ‘n stad te sien. In wese verteenwoordig Babilon rebellie teen God op godsdienstige en ekonomiese terrein. Hierdie is egter nie volhoubaar nie en ons lees in vers 1 dat Babilon alreeds veroordeel is. Die waters verwys na nasies. Sien vers 1 en 15, wat na mekaar verwys. Wat egter belangrik is om te verstaan is dat Babilon hier nie verwys na die stad in Irak nie. Babilon is die ander naam vir Rome in Italië, wat waarskynlik die setel van die Herleefde Romeinse Ryk gaan wees.

Vers 2 verwys daarna dat die konings (regeerders) met Babilon gehoereer het. Hulle het die godsdiens stelsel vir hulle eie doeleindes misbruik. As ons die woord “hoerery” in sy strengste betekenis wil gebruik, kom dit op misbruik neer, tot die voordeel van een en tot die nadeel van die ander. Weereens

is die fokus op misleiding. In vers 3 lees ons dat die vrou (die godsdienstige stelsel) op die rug van die dier gesit het. Dit beteken eenvoudig dat vir ‘n periode die vrou in beheer was, of so het sy gedink. Die Satan misbruik die vals godsdiens stelsel, en laat haar toe, sodat die Antichris beheer kan uitoefen en die Satan sy doel vir wêreld oorheersing kan bereik. Wanneer hy hierin geslaag het, is sy geskiedenis.

Kyk na die klere en kleure van vers 4. Dit gaan alles oor mag en geld. Die vals godsdiens stelsel stel nie in jou redding belang nie en beskerm net sy eie belange. Ons sien dit alreeds in ons tyd. Baie leraars kan hierdie as ‘n wekroep gebruik om te verstaan dat hulle posisie in die bediening as deel van die groter kerk daaroor gaan om mense geestelik te bereik, te bearbei, en te voed; nie om hulself te verryk (Openbaring 3:17) nie, en dit nogal in die tyd wat die gemeente hulle salaris betaal. Dit wat hierdie stelsel doen, is nie vir God aanvaarbaar nie. Alhoewel hierdie beskrywing na die Rooms Katolieke kerk kan verwys, gaan die vals godsdiens stelsel veel groter wees as die Roomse kerk. Dit kan egter moontlik ‘n voorloper hiervan wees. Hier is ‘n stelsel wat godsdiens gebruik om baie geld in te samel. Die Rooms Katolieke kerk in die Vatikaan se geldwaarde is verstommend. Kyk na die kleure van die klere wat hierdie kerk se ampsdraers dra – purper en skarlaken.

**Is Babilon in Italië? Waarskynlik**

Daar is ‘n teorie dat Babilon as godsdiens stelsel die Rooms Katolieke kerk is wat vanuit Rome regeer, omdat Rome op sewe heuwels gebou is. Heuwels en berge (vers 9) is egter nie dieselfde nie. Die tragedie is dat meeste kerke vandag vêr afgedwaal het van wat die kerk behoort te wees. Die afval begin immers in die kerk, vanuit die kerk. Dit is waarom jy so versigtig moet wees waarvoor jy jou ore uitleen. Toets die leraars se prediking (1 Joh 4:1) deur die Woord as die maatstaf te gebruik. Dit impliseer egter dat jy self die Woord moet kén. As jy nie die Waarheid (Joh 14:6) ken nie, gaan jy nie die leuen herken nie.

**Petrus se verwysing is die sleutel**

In Johannes se tyd was Babilon die naam wat die eerste eeuse Christene gebruik het as hulle na Rome verwys het. Ons lees daarvan in Petrus se eerste sendbrief. Sien 1 Petrus 5:13. Petrus was op hierdie stadium in Rome en het daarna as Babilon verwys. Dit verwys dus nie na die Babilon van die Ou Testament (Mesopotamië) nie. Hierdie vals kerk gaan poog om gedurende die verdrukking diegene wie tot bekering kom, te vermoor. Sien vers 6. Die frase “dronk van [die] bloed” is ‘n term wat dikwels in Johannes se tyd gebruik is. Dit verwys na ‘n soeke (Eng. “lust”) na moord en hoe reeks moordenaars dikwels nie kan ophou nie.

Die engel verduidelik aan Johannes wie en wat die vrou en die dier is. Die sewe berge is nie noodwendig letterlik nie, maar eerder regerings. Ons moet dit verstaan in konteks van die tyd waarin Johannes geleef het. Vyf konings het geval – die ryke van Egipte, Assirië, Babilonië, die Medo-Perse, en Griekeland (verlede). Een koning is – die Romeinse Ryk van Johannes se tyd (teenwoordige tyd). Een het nog nie gekom nie – die Antichris se ryk (toekomstige tyd relatief tot Johannes se tyd).

Wanneer die Antichris regeer, gee hy die tien konings tyd om saam met hom te regeer, maar net vir ‘n kort periode (een uur) voordat hy totale beheer oorneem. Die tien konings word mislei om self hulle mag aan die dier oor te gee. Hulle voer oorlog teen die Lam, maar Hy oorwin hulle (Opg 19:11 ev.). Ons lees in vers 15 dat die waters die nasies verteenwoordig wie deur die hoer beheer word, maar dat die tien konings teen die vrou draai en haar vernietig. Dit is nou waar die gebeure wat Daniël gesien het, realiseer: die Antichris sit in die tempel en verklaar dat hy alleen God is (Dan 9:27; Matt 24:15; en 2

Thess 2:4). Satan maak hier ‘n einde aan godsdiens as ‘n stelsel. Ons sien dat te midde van al hierdie gebeure God dit so beplan het. Hy alleen is die outeur van die geskiedenis van die wêreld maar Hy laat toe dat ongeregtigheid plaasvind, sodat geregtigheid daaruit sal voorkom.

**Openbaring 18 – Ekonomiese Val**

In Openbaring 18 word Babilon as ‘n globale ekonomiese stelsel beskryf wat tot ‘n val kom. ‘n Engel is aan die woord en hy kondig die val van Babilon aan. Dit word in die verlede tyd aangedui en ons kan hieruit aflei dat die stad geval het tydens die groot aardbewing van Openbaring 16.

Vers 3 vertel van die lewe van weelde wat mense gehad het maar soos die engel aankondig, is dit van korte duur en stort die stelsel in duie. Die nasies het ryk geword maar dit was al die tyd die plan van die Antichris om hulle te mislei en tot ‘n val te bring sodat hy hulle kan beheer. Hierdie mense sou nooit ag geslaan het op Jesus se woorde in Matthéüs 16:26 nie. Hulle het hulle siele verkoop vir die genot van die rykdom wat hulle bekom het, en nou is hierdie rykdom van hulle weggeneem.

Omdat hierdie gebeure op die aarde afspeel tydens die groot verdrukking, waarsku God sy volk Israel (“my volk”) om niks met die stelsel te doen te hê nie (vers 4). Hulle moet uit die stad uitgaan sodat hulle nie:

- deel in die sondes van die stad en stelsel nie; en
- van die plae sal ontvang nie.

Die vraag aan elke gelowige in ons tyd is waar jou prioriteite is. Vir jou as gelowige geld Spreuke 30:8-9. Vers 10 noem dat die stad en stelsel in ‘n kort tyd tot ‘n val sal kom (een uur). Kyk na die ekonomiese aktiwiteite wat genoem word soos maar soos Johannes dit sou verstaan. Die laaste een, mense siele, is die tragiese een. Bestudeer dit gerus en dink mooi daaroor. Mense word van hulle geestelike identiteit beroof in ‘n soeke na rykdom. Die ekonomie van die wêreld speel saam. Jy is net ‘n nommer.

Vers 6 gaan oor die vergelding vir dit wat die stelsel gedoen het. Die woord “verdubbel” beteken nie “vermenigvuldig” nie maar eerder “dieselfde as”. Die gevolge is dieselfde as dit wat die stelsel aan andere gedoen het. Hierdie stad word as vroulik aangedui, soos met alle stede in die wêreld. Die stelsel verwys na haarself as ‘n koningin, nie ‘n weduwee nie, en wie nie droefheid sal sien nie. Die stelsel sien haarself as die vrou van die Antichris. Daar is drie groepe wie nou nie meer het wat hulle voorheen gehad het nie.

- In vers 9 lees ons dat die **konings van die aarde** wat deel was van hierdie stelsel en voordeel daaruit geput het, oor haar ween. Die rede is omdat hulle iemand of iets verloor wat deel van hulle verkeerde optrede was. Hulle kry nie meer enige voordeel uit die stelsel nie. Niemand koop meer hulle ware nie. Die val van die stelsel kom vinnig. Sien vers 10.

- Verse 11 tot 16 gee besonderhede oor die ekonomiese stelsel en dít wat dit in stand gehou het. **Die handelaars** ween oor die omstandighede. Hulle winste is daarmee heen. Antieke Rome was dieselfde en hulle het met die verre Ooste handel gedryf. China, Indië, en ander oosterse stede het almal hulle ware met die “Silk Road” ontvang. Die "Silk Road" (Syroete) was 'n antieke netwerk van handelsroetes wat Asië met die Middellandse See en Europa verbind het, bekend vir die verhandeling van sy, speserye en kulturele uitruil. Dit het oor duisende

kilometers gestrek, dikwels deur woestyne en berge, en was deurslaggewend vir ekonomiese en kulturele bande tussen die Ooste en Weste.

- Die derde groep wat nie meer enige voordeel ontvang nie, is **die eienaars van skepe**. Daar is niks meer vir hulle om te versend nie. Sien vers 17 en verder.

Ekonomiese beheer is niks vreemd in ons tyd nie. Kyk byvoorbeeld hoe die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) elke jaar in Davos, Switserland, byeenkom ten einde die Nuwe Wêreld Orde agenda te promoveer. Dit gaan eenvoudig oor ekonomiese beheer deur ‘n klein en ryk minderheid, ‘n elite. Ek en jy is deel van hierdie stelsel maar ons is eintlik net onbelangrike dele wat die stelsel in stand hou (vers 13). Ten einde te verseker dat mense nie die stelsel sal kan ontvlug nie, en die Antichris sal moet aanbid, gaan hulle die merk ontvang. Bid dat God ons uit hierdie bestel wegneem voordat die merk ‘n realiteit word.

Wanneer die nasies sien dat hulle rykdom verwoes is, ween (huil) hulle. Sien vers 19. Hulle voel niks vir die feit dat hulle siele verkoop is nie, maar eerder oor die geld wat hulle verloor het. Vers 21 tot 23 verduidelik hoe diegene met geld, die rykes, alles beheer, maar helaas, hulle kom tot ‘n val. Aan die einde van Openbaring 18 sien ons dat beide die groot strukture wat die Antichris in plek stel, godsdiens en ekonomie, tot ‘n val kom. God maak daarmee ‘n einde aan menslike regering. Dink terug aan ons studie oor dispensasies. Vanaf die gebeure na Eden tot die einde van Openbaring 18 het die mens regeer (demokraties), en dit het nie gewerk nie. Die enigste regering wat sal werk, is ‘n Goddelike (teokraties) regering deur Jesus Christus alleen (outokraties), wat in Openbaring 19:15 begin. Bestudeer 2 Thessalonicense 2:7-12. Kom ons kyk wat Paulus hier geskryf het, lank voordat Johannes dit sien:

- Vers 7 – Die ongeregtigheid was alreeds in Paulus se tyd aan die werk. Dit raak nou net erger.
- Vers 7-8 – Sodra die kerk nie meer op die aarde is nie, word die Antichris geopenbaar.
- Vers 9 – Die koms van die Antichris is deur die Satan beplan. Hy mislei mense deur die leuen.
- Vers 10 – Hierdie mense word mislei omdat hulle nie gered wíl word nie, teenoor Joh 1:11-12.
- Vers 11 – Omdat hulle nie wil luister nie, stuur God die dwaling (misleiding) sodat hulle die leuen sal glo dat die Antichris eintlik Jesus Christus is. Israel gaan dit ook glo, tot hulle verdriet.
- Vers 12 – Hulle word geoordeel omdat hulle die ongeregtigheid geniet het en voordeel daaruit getrek het. Sien Romeine 1:25 in hierdie verband.

Met die ekonomiese stelsel nou verwoes, saam met die Antichris se politieke stelsel, word die pad voorberei vir die Wederkoms van Jesus Christus. Die sterk engel gooi ‘n meulsteen in die see. Dit word nie weer uit die see gehaal nie en verteenwoordig die einde van koninkryke vir alle tye, om plek te maak vir die ewige koninkryk van Jesus Christus. Menslike regering is verby. Babilon verteenwoordig die mislukkings van menslike regerings oor alle eeue omdat dit nooit op die beginsels van God se wil vir ons gebou was nie.

**Openbaring 19:1-10**

Johannes sien die groot menigte in die hemel, gereddes van alle eeue wie God verheerlik en juig oor die val van Babilon en die twee stelsels wat dit verteenwoordig het. Die hele gedeelte van Openbaring 19:1-10 speel in die hemel af, voordat die fokus weer na die aarde skuif. Let op dat Johannes hier baie dinge hoor. Vers 1 verduidelik waar Johannes nou is, in die hemel, na “hierdie dinge” van Openbaring 17 en 18. Die gelowiges is bly omdat geregtigheid nou gaan seëvier.

Die gebruik van die woord “Halleluja” hier is interessant. Die woord word vier keer gebruik, en net in Openbaring 19. Dit beteken “Laat ons die Here prys”. Hulle is bly omdat die bruilof van die Lam gekom het. Dit is die “huwelik” tussen Jesus Christus as die bruidegom en die kerk as die bruid. Ons lees dikwels hier van die bruilof. Gaan doen navorsing oor hoe ‘n Joodse bruilof beplan was en gewerk het. Jy sal dan meer verstaan van die simboliek van die huwelik tussen die kerk en Jesus Christus.

Hulle juig verder oor die val van Babilon (“haar”), die hoer van Openbaring 17 en 18. Vers 4 verwys terug na Openbaring 4:4 waar Johannes die eerste keer die 24 ouderlinge gesien het. Vers 7 verwys weer na ‘n vrou, maar hierdie keer is dit die kerk, die bruid, wat gereed maak vir die bruilof. Vers 9 maak weer melding van die Lam, Jesus Christus, en die titel “Lam” word 28 keer in Openbaring gebruik. Laastens, in vers 10, sien ons dat die engel na homself verwys as ‘n medediensknеg – engele was nog altyd nie net God se boodskappers nie, maar is ook diensknegte van die Allerhoogste.

**Opsomming**

As jy lees wat met mense gedurende die verdrukking gebeur, vanaf hoofstuk 6 tot 19, dan behoort jy bly te wees dat jou naam opgeskryf is in die hemel, in die Boek van die Lewe. Sien Lukas 10:20 en Openbaring 21:27. Tot reg aan die einde van die verdrukking probeer God nog steeds in sy liefde om mense by Hom te kry. Jou redding is die grootste geskenk wat enige iemand aan iemand anders kan gee. Ons gaan in Openbaring 20 leer wat die uiteinde van die ongelowige is wie die lewe nie het nie. Dit is nie aangename leesstof nie maar dalk noop dit ons om op te tree.